# Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

7 November 2025 Uitgawe: 4/4/2025

## UIT DIE KANTOOR

Hierdie sal die laaste uitgawe van vanjaar se weekblad wees. Dit bevat belangrike inligting vir die res van die skooljaar.

So kom ons aan die einde van ’n ongelooflike jaar met baie hoogtepunte en lekkertes. Ek is ons Hemelse Vader baie dankbaar vir ‘n geseënde 2025 wat Tjokkies kon beleef. Baie dankie aan elke ouer en vriend van Tjokkies wat die skool en personeel ondersteun het op alle terreine van die skool.

Sterkte aan al ons Tjokkie-leerders met die eksamen wat Dinsdag, 11 November begin. Die eksamenrooster is reeds aan u versprei.

**Begrotingsvergadering:**

Hiermee herinner ek net weer ouers daaraan om Maandag, 10 November se belangrike begrotingsvergadering te kom bywoon. Dit behoort regtig nie baie van u tyd in beslag te neem nie. Ons benodig ’n 10% kworum op die vergadering wat om 17:30 in die skoolsaal plaasvind.

**Handboeke:**

Neem asb. kennis dat leerders hul handboeke moet inhandig op die dag wat hul daardie dag se vak skryf. Indien u kind se boek verlore is, sal u as ouer ongelukkig die vervangingskoste daarvan moet dra soos vervat in die skool se handboekbeleid. Kostes van spesifieke handboeke is by mev. Beaulah du Plessis by ontvangs beskikbaar.

**Betaling van skoolgelde:**

Baie dankie aan elke ouer wie getrou skoolfonds en nasorg betaal het gedurende 2025.

Daar word in Desember ook skoolfonds en nasorg gehef volgens die skoolgeldbrief wat jaarliks na afloop van die begrotingsvergadering uitgestuur word. Skoolfonds en nasorgfooie word verdeel oor 11 maande en daarom word dit ook gehef in Desember. Neem asb. kennis dat debietorders steeds gedurende Desember aftrek.

Alle skoolfonds vir 2025 is betaalbaar voor 7 Desember – behalwe as die debietorder se datum anders aandui.

**Leerderverslae:**

Ouers moet kennis neem dat die leerders se rapporte op Woensdag, 10 Desember vanaf 7:00-10:00 by u kind se registerklas afgehaal kan word. Indien u nie self dit kan kom afhaal nie, kan u reël dat dit deur iemand anders afgehaal word. Neem asb. kennis dat rapporte van leerders wat uitstaande handboeke het by die kantoor afgehaal moet word. Rapporte sal uitgegee word by die wys van 'n geldige bewys van betaling.

**Beheerliggaam:**

Mnr. Gerhard (Bees) Boshoff - geboue en terrein verteenwoordiger op die Beheerliggaam verlaat Tjokkies aan die einde van die jaar wat beteken sy posisie op die Beheerliggaam raak vakant op 31 Desember 2025.
Die Wet bepaal dat die aantal ouers op die Beheerliggaam altyd een meer moet wees as die van die personeel op die Beheerliggaam. Dus moet hierdie posisie gevul word aan die hand van 'n tussenverkiesing wat vroeg in Februarie sal plaasvind. Die nominasieproses vir die vul van hierdie posisie sal in die tweede week van Januarie plaasvind. Persone wat belangstel, kan gerus die Voorsitter van die Beheerliggaaam, mnr. Wessel Groenewald, kontak vir meer inligting.
Die skool wil sy opregte dank en waardering teenoor mnr. Boshoff uitspreek vir die waardevolle werk wat hy die afgelope 3 jaar wat hy op die BL was, vir die skool gedoen het.

**Personeelsake:**
Baie geluk aan juf. Nadine Malherbe (Gr. 2) en haar man Schalk met die geboorte van hul babadogtertjie Woensdag. Ons is saam met julle trots.

Dis met groot hartseer dat ons aankondig dat mev. Suzane Wille, die skool se skakelbeampte en bemarker, bedank het en die skool aan die einde van die jaar na sewe jaar verlaat. Sy laat 'n groot leemte by die skool. Haar pos raak dus vakant en sal ook aan die begin van die nuwe jaar gevul word.

**Heropening van skool 2026:**
Die skool heropen om 7:30 op 14 Januarie. Graad 1-verwelkoming om 7:45 in die saal. Graad 1-ouers is welkom om dit by te woon.

**Groet:**

Aan al ons Tjokkie-ouers wil ek 'n geseënde Kersfees toewens en mag 2026 vir almal baie voorspoedig wees. Indien u op die pad gaan wees, ry veilig en kom veilig terug.

Ons het weer 'n propvol 2026 wat voorlê.

Baie dankie aan die personeel van Tjokkies wat getrou elke dag u kind met soveel toewyding en liefde hanteer het. Jul leef voorwaar jul roeping ten volle uit en verdien beslis die ruskans.

## BELANGRIKE DATUMS


| | |
|---|---|
| 8 Nov.: | JF Atletiekbyeenkoms (Stadion) |
| | Mangaung tennisproewe |
| 10 Nov.: | Begrotingsvergadering (17:30) |
| 11 Nov.: | Eksamen begin (skool verdaag om 12:00) |
| 12/13 Nov.: | Kleuterskoolkonsert |
| 14 Nov.: | o/11 en o/13 $1^{\text{ste}}$ rondte rugbyproewe ($2^{\text{de}}$ rondte volg in 2026) |
| 18 Nov.: | Gr. R-Gradeplegtigheid |
| 21 Nov.: | Eksamen eindig |
| | Gr. 7 Afskeidseremonie |
| 22 Nov.: | Knipmesbraai (Ondersteunersklub) |
| 24 Nov.: | Finkom-vergadering |
| 24-27 Nov.: | Leerderraadkamp |
| 10 Des.: | Skool sluit - afhaal van rapporte |

## VERJAARSDAE

Die volgende personeel verjaar almal gedurende die eksamen en vakansie.

Baie geluk!

| | |
|---|---|
| 11 Nov. | Booysen (Sekuriteit) |
| 24 Nov. | Juf. Yolande Henderson (RO) |
| 25 Nov. | Juf. Marika Thompson (Gr.2) |
| 2 Des.: | Juf. Leonie de Kock (Gr.1) |
| 3 Des.: | Mnr. Antonie Botha (Gr. 6) |
| 7 Des.: | Juf. Amie van Rooyen (Gr. R) |
| 20 Des.: | Me. Suzane Wille (Skakelbeampte) |
| 4 Jan.: | Juf. Mianca Opperman (Gr. 5) |



## VAN DIE MAMMAS WAT BID

Here Jesus

Tydens hierdie eksamen bid ek dat U vir my sal wees wat ek vandag nodig het.
Gee asb. vir my die kalmte wat alle menslike verstand te bowe gaan.
Dankie dat U my deur die tyd sal dra met vrede en rustigheid en met 'n helder verstand.
Dankie dat ek mag presteer volgens my gawes wat U aan my gegee het.
Ons het U so lief.

Amen
Petrus 5: 7 "Werp vandag al jul bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle."

## UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR

Ondersteunersklub se Knipmesbraai **EN** die Springbokke op die groot skerm!

**Datum:** Saterdag, 22 November 2025
**Tyd:** 16:00
**Prys:** R250.00
**Koelerboksfooi:** Klein – R150.00
Groot – R200.00

Bespreek jou kaartjies by Annelize Pieters/ Suzane Wille






OFFERS VALID FROM MONDAY 20/10/2025 UNTIL SUNDAY 09/11/2025. PRICES APPLY TO CHECKERS BETHLEHEM, DE AAR, DIAMOND PAVILION, FLAMWOOD, GOLDFIELDS, HARRISMITH, HARTSWATER, KALAHARI MALL, KATHU, KROONSTAD, KURUMAN, KURUMAN SQUARE, LANGENHOVENPARK, LICHTENBURG, LICHTENBURG DADA CENTRE, MAHIKENG MALL, MATLOSANA, MIMOSA MALL, MOOI RIVER JUNCTION, NEW PARK, PARYS, PARYS THE RIVERSHED, POTCHEFSTROOM, PRELLER SQUARE, SAINTS, SASOLBURG, UNIVERSITAS, UPINGTON, VIRGINIA, WELKOM, WILKOPPIES, WOODLAND HILLS & ZEERUST. ALSO AT CHECKERS HYPER FLEURDAL AND KLERKSDORP. NOT ALL PRODUCTS WILL BE AVAILABLE AT PRELLER SQUARE & UNIVERSITAS. SEAFOOD ONLY AVAILABLE AT STORES WITH SEAFOOD COUNTERS. CERTAIN FOODS COOKED FOR STYLING PURPOSES ONLY. LIQUOR ONLY AVAILABLE AT STORES WITH A VALID LIQUOR LICENCE. ALCOHOL FOR SALE ON SUNDAYS AT SELECTED STORES ONLY. WE RESERVE THE RIGHT TO LIMIT QUANTITIES. NO TRADERS PLEASE. ERRORS & OMISSIONS EXCEPTED (E&OE). SELECTED ITEMS MAY NOT BE AVAILABLE AT CERTAIN STORES. WHILE STOCKS LAST. CUSTOMER CARE LINE 0800 01 07 09 (TOLL-FREE). XTRA SAVINGS SUPPORT LINE 0800 33 33 85 (TOLL-FREE).


BOEKSAKKIES TE KOOP VIR 2026
Boeksakkies vir Gr. 4
7 boeksakkies @ R350 of R50 elk
Bestel en betaal kontant by
Juffrou Lianza 0724889802
Beskikbaar vanaf
27 September 2025


Sterk, stewige seil boeksakkies!!
(Verpligtend vanaf Gr 4)
Kontak Juf. Blanche
per whatsapp by
0725052247
vir bestellings en navrae!
Bestel sommer dadelik!!!
R65 elk
Bestellings
sluit 14 Nov
Koop slegs een keer sakkies in die laerskool, want hulle hou ….en hou…. en hou….. en hou…..
selfs tot in Matriek!!!
(Verwysings beskikbaar!!)

SECONDHAND SCHOOL SHOP

3 SIR GEORGE GREY STREET

WEEKDAYS 07:00 - 15:30

076 156 3441

Closed during school holidays. Don't miss a thing — follow us on Facebook.

Hallo Tjokkie Ouers

Ons is 'n tweedehandse winkel wat sedert 2016 skoolklere koop en verkoop. Sedert Augustus 2025 het ons toestemming by Universitas Primêr gekry om julle skool se klere te verhandel.

Graad 7's se skoolklere kan as krediet gebruik word om klere vir Eunice, OMS, Saints en Grey College te koop. Ons doen herstelwerk en verstellings.

